PAUL ROOS
GIMNASIUM | GYMNASIUM

MATRIEKAFSKEID 2022

Hiermee die finale reëlings vir Donderdag, 29 September 2022:

Belangrike reelings:

- Die verrigtinge in die PRG sentrum begin stiptelik om **19:00** en hou aan tot **23:30.**
- Vir sekuriteitsredes sal geen leerder, of metgesel, toegelaat word om die saal te verlaat voor **23:00** nie.
- Kommunikeer asb die reëlings met jou metgesel en ouers - deure sal gesluit wees tot **23:00**

Prosedure wanneer jy arriveer:

- Arriveertye is reeds deurgegee- hou asb by die tye, daar is 560 gaste wat die saal moet binnegaan binne ’n kort tydperk.
- Rapporteer asseblief ten minste 15 minute voor jou aankomstyd by NOVA se hek.
- Indien jy die bestuurder van jou voertuig is, reël asb dat iemand onmiddelik in jou plek sal inklim en die voertuig van die rooi-tapyt area sal verwyder . Sodra jy in die voertuig is tussen die LPR en die sokkerveld, bevestig met jou bestuurder dat hy/sy gereed is om by jou oor te neem.
- Beamptes sal aandui waar die voertuie die rooi- tapyt area moet verlaat. Voertuie met ’n hoër onderstel (SUV) moet deur die hek in Piet Retiefstraat beweeg, en voertuie met ’n laer onderstel, draai regs vanaf die rooi-tapyt area, oor die sokkerveld en uit by die sentrum hek. Voertuie wat agterbly kan parkeer word op die sokkerveld.

Roete:

- Voertuie kan vanaf Coetzenburg, sowel as vanaf Piet Retiefstraat en PRG SPAR, Suidwalstraat binnegaan. Die Coetzenburg-bruggie sal gesluit wees, maak asb. gebruik van die Danie Craven stadion-brug.
- Laat asb genoeg tyd toe om vanaf jou bestemming na die skool te reis, dit is spitsverkeer in Stellenbosch.
- Vanaf NOVA-hek beweeg na die parkeerarea langs die swembad, waar voertuie in die korrekte volgorde geplaas sal word.
    - Hier sal jy ’n instapkaartjie ontvang, wat jy weer gaan inhandig by ’n beampte op die hoek van die ou swembad en sokkerveld, net voordat julle die sementblad voor die sentrum nader. Julle sal hier gestop word. Onthou asb om baie stadig te ry, daar is baie toeskouers en kinders wat rondbeweeg op die perseel. Hier sal jy ’n aanduiding ontvang van wanneer jy kan aanbeweeg na die rooi-tapyt area. Luister asb na instruksies van die beamptes- hulle is daar om te verseker dat julle veilig is, en dat jy jou oomblik op die rooi tapyt kry.
    - Jou metgesel moet aan die **linkerkant** van die voertuig sit en uitklim. Die deur sal vir haar oopgemaak word deur Gr 11 helpers.
    - Loop agterom die voertuig en sluit by jou metgesel aan, en beweeg na die begin van die rooi tapyt.

Sekuriteit:

- Thorburn sekuriteit is die hele tyd teenwoordig op die perseel.
- Hulle mag, en gaan, elke Matriek en metgesel deursoek in die voorportaal voor jy die sentrum binnegaan.
- Geen alkohol of dwelms sal op die terrein of binne die saal toegelaat word nie.
- Geen groot handsakke of rugsakke sal toegelaat word nie.
- Daar mag nie op die perseel gerook word nie. Dit sluit "vaping" in.

Foto's:

- Foto's op die aand word deur **Digital Image warehouse**, asook die skool se mediaspan geneem.
- Hier sal julle name aangekondig word en dan loop julle vinnig en flink na die sentrum. Sorg asb dat alle groepfoto's en familiefoto's vooraf geneem is, daar is nie tyd op die rooi tapyt om foto's te neem nie.

  Ons sien baie uit daarna om julle te onthaal by die spesiale geleentheid.

  Die aand se sukses hang ook grootliks af van jul samewerking in die verband.

  Ons vertrou dat dit 'n heerlike aand vir julle sal wees saam met julle vriende en vriendinne-onthou julle sokkies!!!!